**8 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 46**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 46:11**

## Die verlossing uit groot gevaar

Hierdie psalm handel oor die verlossing uit groot vyandelike bedreiging. Die oninneembaarheid van die stad Jerusalem word besing. God self is natuurlik die beskutting van die stad. Die psalm is ‘n wekroep tot die volk om nie te vrees vir die vyandelike mag nie, maar te let op God se wonderdade in die verlede en daarin te berus dat God met hulle is as hul rotsvesting.

Die aanleiding tot die skryf van die psalm was moontlik dat die volk begin twyfel het dat die stad Jerusalem nie staande sou bly teen die aanslae van die vyande nie. Daarom kom die oproep in die fokusvers: “Bedaar en erken dat Ek God is …” Die volk moet sy twyfel en vrees jeens God laat staan.

Is u ook soms in vertwyfeling oor die krag en betrokkenheid van God in u lewe? Het die vestings van u lewe verbrokkel en veroorsaak dit twyfel in u hart? Verwyt u God dat Hy nie langer vir u omgee en toelaat dat u onherstelbaar geskaad en verwond word? Dan sê ons fokusvers vir u: “Bedaar en erken dat Ek God is …”

God het Homself aan ons getoon in Jesus Christus deur wie Hy ons bewaar. Hy is so getrou dat Hy sy Seun laat sterf het om ons teen die magte van die Bose te beskerm. Deur sy opstanding oorwin Hy die dood wat ons wou vernietig.

Bid daarom dat God se Heilige Gees u berusting sal gee in u omstandighede, al lyk dit menslik onmoontlik om daardeur te kom. Erken Hy is die Here, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

*Sing: Psalm 46:6* *Dr Frans Minnie (Pastorale berader, Cachet)*